PAASFEES

TOETS JOU KENNIS OOR DIE LAASTE DAE VOOR ONS HERE JESUS GEKRUISIG IS.

Lees die volgende gedeeltes voordat jy hierdie multikeusevrae beantwoord: Matteus 26:6-27:66, Markus 14:3-15:47, Lukas 22:1-23:56 en Johannes 12:1-19:42.

1 Hoeveel dae voor die Pasga het Jesus in Bethanië aangekom?
- **A**. Sewe
- **B**. Ses
- **C**. Twaalf

2 By wie se huis het Maria die Here Jesus gesalf vir sy begrafnis?
- **A**. Lasarus
- **B**. Sebedeus
- **C**. Simon die melaatse

3 Die koninklike intog van die Here Jesus het plaasgevind op:
- **A**. Sondag
- **B**. Saterdag of die Sabbat
- **C**. Vrydag

4 Op die Maandagoggend voordat Jesus gekruisig word het Hy ...
- **A**. 'n olyfboom laat afkap.
- **B**. op 'n donkie gery.
- **C**. 'n vyeboom vervloek.

5 Hoeveel keer het Jesus die tempel gereinig?
- **A**. Een keer
- **B**. Twee keer
- **C**. Sewe keer

6 Jesus het Judas Iskariot uitgewys as die een wat ...
- **A**. sy hand saam met Hom in die skottel steek.
- **B**. saam met Hom brood eet.
- **C**. a en b

7 Wie was die Romeinse keiser in die tyd van Jesus se kruisiging?
- **A**. Herodes
- **B**. Pilatus
- **C**. Augustinus

8 Watter mense het die strikvraag aan Jesus gevra oor die opstanding van die dooies?
- **A**. Fariseërs
- **B**. Sadduseërs
- **C**. Sanhedrin
- **D**. Herodiane

9 Wie het die Here gestuur om die bovertrek reg te maak vir die Pasga?
- **A**. Maria Magdalena en Marta
- **B**. Matteus, Markus en Johannes
- **C**. Johannes en Petrus

10 Hoeveel keer het Jesus gebid tot sy Vader in die tuin van Getsemane?
- **A**. Net een keer, die hoëpriesterlike gebed
- **B**. Twee keer
- **C**. Drie keer

11 Wie het Jesus saamgeneem toe Hy gaan bid het?
- **A**. Simon Petrus
- **B**. Jakobus
- **C**. Johannes
- **D**. a en c
- **E**. a, b en c

12 Watter stelling is waar?
- **A**. Petrus het die Here verloën voordat die haan drie maal gekraai het.
- **B**. Petrus het die Here verloën voor drie deurwagters.
- **C**. Petrus het die Here drie keer verloën voordat die haan gekraai het.

13 Wie het die Jode gekies om vry te laat?
- **A**. Jesus Barnabas
- **B**. Jesus Barrabas
- **C**. Simon Barrabas

14 In watter tale is geskryf: Dit is Jesus, die Koning van die Jode?
- **A**. Grieks, Hebreeus, Latyn
- **B**. Grieks, Hebreeus, Aramees
- **C**. Aramees, Latyn, Grieks

15 Wie het die linnedoeke gebring waarin Jesus toegedraai is?
- **A**. Simon van Sirene
- **B**. Josef van Arimatea
- **C**. Nikodemus

Antwoorde: 1B; 2C; 3A; 4C; 5B; 6C; 7A; 8B; 9C; 10C; 11E; 12C; 13C; 14A; 15C